Saai
gemoedsrus

PONCHO®



Bayer CropScience

Innovasie
wat fokus

Saadbehandeling word as een van die mees doeltreffende en omgewingsvriendelike wyses beskou om opbrengs verliese weens insekte en siektes, te beperk.

Poncho® bied die mieliemark effektiewe beskerming teen die belangrikste grond insekte wat standverliese tot gevolg het. **Poncho®** se aktiewe bestanddeel, clothianidin bied sistemiese en kontakbeskerming. Die aktiewe bestanddeel beskerm die ontkiemende saad en jong saailing teen vroeë seisoen grond insekte.

Poncho® word gekoppel aan Bayer CropScience se **Advanced Seed Treatment Technology®** konsep wat verseker dat elke saad akkuraat en professioneel behandel word. Deur die aanwending van gevorderde toedieningstegnologie word eweredige en betroubare saadbehandeling verseker, terwyl elke stap gerugsteun word deur kwaliteitsbestuurssisteme wat **ISO 9001 : 2000** en **Responsible Care** insluit.

PONCHO®

Saai
gemoedsrus

- Verminderde risiko as gevolg van superieure beheer
- Omvattende spektrum van beheer
- Effektiewe bladspringer beheer
- Uitsonderlike saadveiligheid
- Bo-gemiddelde werking in verskillende grondtipes en grondvogtoestande
- Ontwikkel vir presiese toediening met ‘n aanbeveling per saad
- Gunstige omgewings- en gebruikersveiligheid

Beskermende tegnologie

Poncho® bied uitmuntende saadveiligheid, met betroubare werking in verskillende grondtipes en grondvogtoestande. Die vinnige opname en verspreiding in die plant dra by tot die produk se omvattende gewasbeskerming. Die gebalanseerde verhouding tussen water oplosbaarheid en grondadsorbsie vermoë beteken dat **Poncho®** verhoogde beskikbaarheid bied in die wortelsone.

Superieure beheer

Poncho® se superieure beheer is die resultaat van die uiters effektiewe impak op die Asetielcholienesterase reseptor van die teiken insek se senuweestelsel.



Hierdie toets toon die effek van verskillende chloronikotoniel produkte aan op die insek se senuweestelsel. Hoe groter die impuls, hoe beter die impak.

Die uitwerking op mieliestreepsiekte

Poncho® (1,4 mℓ / 1000 sade) bied effektiewe beheer teen bladspringer wat mieliestreepsiektevirus versprei. Navorsing toon dat mielieplante die mees vatbaarste is vir mieliestreepsiektevirus binne die eerste ses tot agt weke na opkoms. Voorkoms van mieliestreepsiekte is dus aansienlik laer omdat die virus deur bladspringer versprei word.

Mieliestreepsiekte



6 Weke na opkoms



Poncho® (1,4 mℓ / 1000 sade) beheer bladspringer, wat die vektor vir mieliestreepsiekte is.

Uitstekende spektrum

Die gevorderde formulasie van **Poncho®** (0,8 mℓ / 1000 sade) verseker effektiewe gewasbeskerming teen ‘n wye spektrum grond insekte.

Effektiwiteit



Poncho® @ 0,8 mℓ / 1000 pitte (gemiddeld van 3 proewe)

Foto verskaf deur John Deere.

Produk vergelyking

	Produk 1	Produk 2	**Poncho®** 0,8 mℓ/ 1000 sade	**Poncho®** 1,4 mℓ/ 1000 sade
Astylus larwes	×	×	×	×
Swartmielie-kewer	×	×	×	×
Kleinvalsdraad-wurm	×	×	×	×
Vaalgrondkewer	×		×	×
Draadwurm			×	×
Wortelwurm	×			
Grootvalsdraad-wurm			×	×
Doodhouertjie	×	×	×	×
Blaarspringer	×			×

Wye spektrum

Handelsnaam	Plaag	Dosis
Poncho®	Astylus larve *(Astylus atromaculatus)* Swartmieliekewer *(Heteronychus arator)* Kleinvalsdraadwurm/ Vaalgrondkewer *(Gonocephalum en Mesomorphus* spp.*)* Draadwurm *(Elateridae)* Grootvalsdraadwurm *(Somaticus* spp.*)* Doodhouertjie *(Protostrophus* spp.*)*	0,8 mℓ/ 1000 sade
Poncho®	Bladspringer *(Cicadulinambila)*, draer van mieliestreepsiekte	1,4 mℓ/ 1000 sade

Saadveiligheid

Poncho® het nie ‘n nadelige effek op die ontkieming of langtermyn ontkieming van saad nie.

Uitstekende saadveiligheid



Effek van valsdraadwurm beheer in verskillende grondvog toestande



Langtermyn opberging



Plantbaarheid



Poncho® word met Peridium aanbeveel wat die kleefeienskappe aan saad verbeter. Hierdie kombinasie verminder stof en verbeter die plantbaarheid van saad.

Verskillende
omgewingstoestande

Vinnige opname

Poncho® vorm ‘n beskermingsone om die saailing, en sodra die wortels begin ontwikkel, word die aktiewe bestanddeel vinnig opgeneem deur die wortels, waarvandaan dit eweredig versprei word na die ontwikkelende plant.

Gedrag in grond



Poncho® bly langer in die wortelsone beskikbaar.

	Poncho®	Standaard 2
Water oplosbaarheid	327 ppm	4100 ppm
Grond-adsorbsie koëffisiënt	160	70

Effek in verskillende droogtestres toestande



Omgewings
Impak

Die effektiewe gebruik van **Poncho®** verseker geteikende beheer en beskerming teen grond insekte.

Gewasbeskerming
Verminderde toedienigshoeveelhede per behandelde area

Totale behandelde area	Korrelbehandeling in ploegvoor	Saadbehandeling
		
1.350	600	40
Gemiddelde Toedieningshoeveelheid g ai / ha		
10.000	500	58
Gemiddelde Behandelde area per m^2		

Die strewe om ons omgewing te beskerm, loop hand aan hand met Bayer CropScience se visie van “Science for a Better Life”. Daarom sal jy vind dat **Poncho®** ‘n baie gunstige omgewingsprofiel bied. Die korrekte aanwending van **Poncho®** verseker ‘n hoë biologiese aktiwiteit en bevorder verbruikersveiligheid. **Poncho®** het ‘n minimale impak op soogdiere, voëls en voordelige insekte.

Die wêreldwye
Bayer CropScience Groep

Bayer CropScience – ’n wêreldleier in gewasbeskerming. Die voorste vervaardiger van insekdoders en saadbeskermingsprodukte en ’n betroubare vennoot in swam- en onkruiddoders.

Voorwaar ’n bekroonde reputasie. Nogtans is daar meer aan die Bayer handelsmerk. Bayer is sinoniem met innovasie en het sterk vennootskappe met verspreiders, produsente en ander rolspelers in die landboubedryf. Bayer se sterk internasionale en plaaslike teenwoordigheid vorm die basis van ons almal se sukses.

Innovasie deur navorsing en ontwikkeling

Ons is deurlopend opsoek na innovasie wat waarde bied. Met ’n jaarlikse navorsings- en ontwikkelingsbelegging van € 649 miljoen en meer as 3, 850 wetenskaplikes in nege laboratoriums regoor die wêreld, is Bayer in staat om deurlopend te soek na die perfekte oplossings vir die wêreld se toenemende uitdagings. Hierdie benadering maak ons opgewonde vir die toekoms.

Wêreldwye betrokkenheid vir plaaslike uitnemendheid

Wêreldwyd is Bayer betrokke by verskeie inisiatiewe soos byvoorbeeld saadbehandelingstegnologie, weerstandsstrategieë, Food Chain Partnerships en vele meer. Ons neem deel aan hierdie projekte en dit dra by tot plaaslike uitnemendheid van ons as verskaffer en vir u as kliënt.

Verbintenis tot ‘n beter lewe vandag

Ons is verbind tot ‘n beter lewe vir elkeen. Hierdie benadering stel die produsent in staat om die opbrengs van elke hektaar te optimaliseer deur gebruik te maak van ons innoverende gewasbeskermingstegnologie. Verder kan die eindverbruiker ‘n veiliger, hoë kwaliteit eindproduk verwag.

Volhoubaarheid vir ’n veiliger môre

Die behoud van ons omgewing en ons natuurlike hulpbronne op hierdie planeet bly ons hoogste prioriteit. Derhalwe streef ons om doeltreffende produkte te ontwikkel met ‘n minimale impak op die omgewing.

Dit is wie ons is. Dit is waarin ons glo.
Dit is **Science For A Better Life**.

Vir meer inligting, kontak u plaaslike Bayer CropScience verteenwoordiger by:

Tel: (011) 921 5252

Of besoek ons webwerf by:
www.bayercropscience.co.za

Bayer CropScience

Bayer (Edms) Bpk.
Reg. Nr. 1968/011192/07

Wrench Weg 27, Isando, 1601
Posbus 143, Isando, 1600
Tel: (011) 921 5252
Faks: (011) 921 5671

In geval van vergiftiging:
Tel: (021) 931 6129

www.bayercropscience.co.za

Poncho® 600 FS
Reg. Nr. L8581 (Act No. 36 of 1947)

Poncho® is 'n handelsmerk van
Bayer CropScience AG, Duitsland.

Poncho® bevat clothianidin.